

Esegiël 38-39 – God vernietig Gog, simbool van al die vyande van die Godsvolk

Om sin te maak van die boodskap van dié twee hoofstukke, hfst. 38-39, is dit belangrik om in die eerste plek die struktuur daarvan te begryp.

- Na die eerste twee verse waarin die HERE sy opdrag aan Esegiël gee, rig Esegiël **ses profesieë aan Gog van Magog**, telkens ingelei met die formule: “So spreek die Here HERE” (’53), “So sê die Here my God” (’83) (38:3; 10, 14, 17; 39:1, 17). Dit beslaan die leeu-aandeel van die stof in dié twee hoofstukke: **38:3-39:24**.
- Daarná kom die **sewende profesie** aan die beurt, met dieselfde formule, dié keer gerig **aan die hele Israel**: hfst. **39:25-29**.

Dit help ‘n mens om vanuit die breë prentjie van die indeling die boodskap van die gedeelte te verstaan.

- In die eerste rondte belowe die HERE op paradoksale wyse dat ná Israel se hervestiging in die land Hy hulle sal beskerm teen die **toekomstige gevaar** van hulle omringende vyande. ‘n Sewe-tal vyande word beskrywe:
 - **Mesek** en **Tubal** (= die land Magog – die NAV vertaal verkeerdelik Magog as ‘n sinoniem vir Gog), **Gomer** en **Bet-Togarma** is in die noorde,
 - **Persië** in die ooste,
 - **Kus** en **Put** in die suide.
- In die tweede rondte herhaal die HERE sy belofte dat die hele Israel sal terugkeer, soos Hy dit in hfst. 37 gedoen het. Hy fokus dus hulle aandag, anders as in die eerste ses profesieë, op die **nabye toekoms**, en bevestig die terugkeer na die land as die logiese uitvloeisel van die uitstorting van sy Gees op Israel (39:29 – vgl. 37:5,14).

In die tweede plek is dit belangrik om die **profetiese taal** van die beskrywings van God se oorlog teen hulle raak te sien. Daar is ‘n groot aardbewing, die visse en voëls wat bewe, die berge wat omgekeer word, die kranse wat inmekaarstort, die pes, dood, wolkbreuke, hael en brandende swael wat hulle vernietig (38:17-23). Slegs **die swaard** wat ook genoem word, dui op ‘n menslike agent. Dit res van dié oorlog word deur die HERE self gevoer.

Dit laat ‘n mens onmiddellik besef dat dit God se oorlog teen sy volk se vyande is. Gog is daarom ‘n simbool van al die vyande van die Godsvolk, soos dit inderdaad ook in Openbaring 20 duidelik word.

Dit maak dus nie veel sin om die teks te letterlik te probeer verklaar nie, want die letterlike betekenis verdwyn in die figuurlike betekenis daarvan.

[Die verbintenis van die leier van dié bedreiging, **Gog**, bv. aan koning Gyges van Lidië in Klein-Asië, weens die gewaande ooreenkomste in die name, het dus min waarde. Hy word as die “die prins, die hoof van Mesek en Tubal” (soos dit letterlik in

die Hebreëus staan) aan ons voorgestel. Maar Gyges was nie meer koning in dié tyd nie. Hy het regeer in die 7de eeu v.C. en was al meer as twee eeue net 'n herinnering. Dit kan wees dat sy naam gebruik word vir 'n toekomstige "Hitler", by wyse van spreke, maar dan bevestig 'n mens in elk geval die figuurlike betekenis van die teks.]

Vir wat dit werd is:

- **Mesek en Tubal** (nageslag van die seuns van Jafet – Gen. 10) was twee nasies in Klein-Asië ongeveer waar Kappadocië vandag is. Mesek en Tubal was daarom deel van die land Magog. **Magog** is dan 'n naam wat vir Lidië, vandag die deel wat ons as Wes-Turkye ken, gebruik word (nie 'n sinoniem vir Gog nie, soos dit verkeerdelik in die NAV aangedui word). Interessant genoeg, vir skerp waarnemers, ons het al 'n boodskap oor Mesek en Tubal se komende nederlaag in **hst. 32** in die sewetal profesieë teen Egipte teëgekóm. Hier is egter iets meer op die spel.
- Die **Persië** wat hier genoem word, is waar die huidige Iran geleë is (hoewel dit ook met Patros in noord-Egipte verbind kan word wat beteken dat die eerste drie name dan almal volkere uit Afrika sou kon aandui). **Kus** is waarskynlik die deel wat ons as die huidige Ethiopië ken, en **Put** dui waarskynlik op die land wat ons as Libië in Afrika ken.
- **Gomer** was 'n land in die noorde in Esegïel se tyd. **Bet-Togarma** waarskynlik ook. Gen 10:3 dui hom as seun van Gomer aan.

[Daar is ook 'n ander verklaring wat sommige maak aan die hand van 'n ander vertaling van die frase: "die prins, hoof van Mesek en Tubal". Sommige vertaal die woord hoof (rosh in Hebreëus) as 'n eienaam en verbind dié naam met **Rusland**. Dan moet 'n mens dié frase vertaal as: "prins van Rusland, Mese ken Tubal". Só het die OAV dit gehad: "die vors van Ros, Meseg en Tubal".]

Dié verklaring is egter etimologies onoortuigend. Die woord rosh word nêrens in die Bybel in enige ander betekenis as letterlik "kop" of figuurlik "hoof" gebruik nie. Hier word die woord rosh inderdaad in die figuurlike betekenis gebruik.

Om die verklaring te bevestig, kan ons kyk hoe Johannes die name Gog en Magog in Openbaring gebruik. Daar word hulle as oud-Israelitiese simbole van die vyande van die Godsvolk gebruik in 'n beskrywing van die eindtyd oorlog teen die Satan en sy magte. Dit kan selfs wees dat die profesie van Esegïel in dié rigting dui, maar dit oorspan waarskynlik die betekenis van Esegïel se profesieë. Esegïel gebruik die woorde Gog en Magog eerder slegs as metafore, soos hy dit ook in hfst. 23 doen met Ohola en Oholiba wat as metaforiese name vir die twee ryke van Israel gebruik word.

Hier volg nou 'n kort uiteensetting van die sewe profesieë:

1. 38:3-9 – Die menigtes van Gog trek op

Let op dat die **HERE** die geveg van die begin af beplan: "Ek Ek sal jou weglok en hake in jou kakebene sit" ('53) – "Ek gaan hake in jou kakebene steek en jou uit jou land bring" (38:4). 'n Menigte volkere is tot sy beskikking, selfs meer as die sewe wat in die inleiding aangedui is: Meseg, Tubal, Persië, Kus, Put, Gomer en Bet-Togarma. "Baie volke saam met jou" ('53) – "Daar is 'n menigte volke tot jou beskikking" (38:6).

Let op dat dit in die **verre toekoms** gebeur wat die profetiese betekenis bevestig (38:8). Ná die terugkeer van Israel, net wanneer hulle almal veilig woon, sal Gog se menigtes soos 'n stormwind op die Godsvolk toeslaan.

2. 38:10-13 – Gog bedink 'n listige/bose plan

“In die dag sal daar gedagtes in jou hart opkom, en jy sal 'n listige plan beraam” (’53) – “Daardie dag sal daar gedagtes by jou opkom en sal jy 'n bose plan bedink” (38:10). Dit herinner ons daaraan dat menslike denke nie gebeur sonder die Goddelike bewussyn en bestuur daarvan nie!

Dit is opmerklik dat dit juis die onbesorgdheid en rustigheid van die Godsvolk is wat Gog en sy menigtes uitnooi om te plunder en uit te buit. Dit wys die **inherente boosheid** van dié invalle duidelik uit. Dit is nie om soseer iets te bekom nie, maar om ander te benadeel. Gog is dus die simbool van 'n aartsboelie, die mens/instansie/land wat hulle vreugde vind in die vernietiging van ander.

Die nasies na die suid-ooste van Israel, Skeba en Dedan en dié na die weste, Tarsis, sal verstom wees oor die **plundertog** en moontlik in die versoeking wees om self tot die stryd toe te tree ter wille van eie voordeel, so lei 'n mens uit die vraagstelling af.

3. 38:14-16 – Gog sak op Israel toe

Gog word dus aangevuur deur die kommervrye veilige bestaan van die Godsvolk om sy mag te misbruik om hulle aan te val. Maar, **met God het Gog hom misreken**. Die HERE was die hele tyd bewus van sy gedagtes en sal Gog laat ervaar: “dat Ek die heilige God is” (38:16). God oorwoeker dus Gog se gedagtes, hoewel dié twee motiewe – menslike en Goddelike bedoelings – oor mekaar skuif.

4. 38:17-23 – God se toorn breek teen Gog los

Dan sluit die HERE aan by vorige profesieë oor Gog en kondig sy **toekomstige profetiese toorn oor Gog** aan: “... sal my grimmigheid in my neus opkom” (’53) – “Ek sê dit met drif en gloeiende gramskap ...” (38:18). Gog is natuurlik nie by dié naam in vorige profetiese uitsprake genoem nie, maar 'n mens kan hom herken in Jesaja se “sterk nasie” en die “Leviatan” (vgl. Die profesie van Jes.24-27) en in Jer.25:15-38 se persoonifering van die: “oorlog wat Ek onder hulle loslaat”.

Die HERE lys die elemente van sy oorlog teen Gog, dinge wat in baie van die vorige profete ook genoem word. Byna alles is natuurkragte: daar is 'n groot aardbewing, die visse en voëls wat bewe, die berge wat omgekeer word, die kranse wat inmeekaarstort, die pes, dood, wolkbreuke, hael en brandende swael wat hulle vernietig (38:17-23). Slegs die swaard wat ook hier genoem word, dui op 'n menslike agent. Die res van dié oorlog word deur die HERE self gevoer.

En die doel hiervan? “So sal Ek My dan as groot en heilig laat ken en Myself bekend maak voor die oë van die nasies, en hulle sal weet dat Ek die HERE is” (’53) – “Ek sal My voor die oë van al die nasies laat ken as die groot en heilige God en hulle sal besef dat Ek die Here is.” (38:23). Dit is die altydteenwoordige doel van God se oordeel: **die bewussyn en erkenning van sy Godheid**.

5. 39:1-16 – God breek die mag van die Gog-menigtes

Dit is daarom die HERE self wat die oorlog teen die vyande van die Godsvolk optree. Hy gebruik die inval van die grondgebied van sy volk as die vernietigende veldslag waar sy vyande oorwin word: “Op die berge van Israel sal jy val, jy en al jou leërs en die volke wat saam met jou is; ...” (’53) – “Jy en al jou hordes en die ander volke wat tot jou beskikking is, sal op die berge van Israel sneuwel” (’83 - 39:4).

Let op dat dit eintlik die HERE is wat die vyande begelei, maar met die doel om hulle te ontwapen en te vernietig. Weereens beklemtoon die HERE die doel van dié omvattende en grusame oordeel. **Die nasies sal besef dat God die HERE is en die HERE se Naam sal in ere herstel word.** Ook vir sy volk sal dié besef onderstreep word. Vir sewe jaar lank sal hulle vuurmaak met brandhout gemaak van die wapens, net so lank as wat dit sal duur om die lyke op te ruim. Gog se begraafplaas sal genoem word **dal van Gog se menigte** – Vallei van die Gog-hordes!

6. 39:17-24 – God maak van Gog ‘n offermaaltyd

Die toppunt van vernedering sal wees dat hulle gebroke liggame nie begrawe sal word nie, maar ‘n feesmaal vir die diere van die veld sal wees. Die HERE noem dit in kultiese taal ‘n **offermaaltyd!** So het Jesaja (34:6 – “Die HERE hou ‘n offerfees in Bosra”) en Jeremia (46:10 – “Daar is ‘n offerfees vir die Here ... daar in die noordland op die oewer van die Eufraat.”) en ‘n paar ander profete dit ook al verwoord.

Ook Johannes sal in sy Openbaring hierna verwys en die **bruilofsfees van die Lam** kontrasteer met die **feesmaal vir die roofvoëls** van die vleis van die maghebbers wat teen God in opstand gekom het: vgl. Openbaring 19 – Die regverdiges jubel oor die bruilofsmaal van die Lam en die oordeel oor die Bose (19:8,9, 21).

Die oordeel van God is ‘n **grusame ervaring**. Dit is bedoel om af te skrik, om te waarsku, sodat mense tot bekering kom en nie die lot van God se teenstanders beleef: die vuurpoel wat vir altyd brand nie. Uiteraard is dit metafore, maar metafore wat ‘n werklikheid beskryf wat waarskynlik erger sal wees as maar net dat ‘n fisiese vuur die goddeloses verbrand.

Daarby sal die nasies tot die insig kom dat die straf van Israel nie ‘n teken van God se swakheid was nie, **maar van sy geregtigheid**. God se liefde word immers ook in sy geregtigheid ten toon gestel, wat beteken dat oordeel ook deel is van die pad wat Hy met mense stap. Oordeel bring altyd insig in God se regverdigheid en laat die bewussyn van God se teenwoordigheid selfs by sy teenstanders opdaag. Voor God sal elke knie immers uiteindelik buig en elke tong bely: GOD IS HERE. (Jes.45:23; Rom 14:11).

7. 39:25-29 – God verander die lot van die hele Israel

Esegiël sluit dié oordeelsboodskap oor Gog af met ‘n hoopvolle boodskap van ‘n lotsverandering vir die hele Israel. Hulle sal hulle skandes vergeet in die herstel van God se teenwoordigheid by hulle, soos die volgende nege hoofstukke sal bevestig: “Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgiet het (’53) - “Ek sal hulle nooit weer verwerp nie. Ek het my Gees uitgestort op Israel” (-’83, 39:29).

Boodskap

Dit is 'n baie ryk gedeelte wat verskillende aspekte van God se omvattende ingrype in die lewe van die mense van hierdie wêreld uitlig.

- Daar is die fokus op die boosheid van boelies, **mense wat nie soseer iets goeds wil verkry nie, maar iets goeds wil vernietig.**
- Daar is die fokus op die voorsiening van die HERE beide vir die nabye toekoms en die verdere profetiese toekoms.
- Daar is die fokus op die intieme betrokkenheid van die HERE selfs by dié wat Hom teenstaan.

Wat die meeste uitstaan, is dat **oordeel deel van God se geregtigheid** is. Dit is 'n grusame werklikheid, maar ook deel van die werklikheid van sy genade. Die hele geskiedenis van die mensdom stuur af op hierdie twee feeste.

- Aan die een kant sal daar die **fees van die bruilof van die Lam van God** wees waar gelowiges die vrug van die Here Jesus Christus se lewe en bediening sal geniet.
- Aan die ander kant sal daar die **fees van die roofvoëls** wees waarin goddeloses self die maaltyd sal wees. Die een groep sal vreugde ervaar. Die ander smarte. Die keuse watter maaltyd jy bywoon, lê in geloof in die Here Jesus Christus. Kies daarom die bruilofsfees!